

* ENGLISH TEXT BELOW

MAANDELIKSE NUUSBRIEF: JULIE 2017

Geagte Mnr / Mev / Mej [Customer Name]

NB: Die amptelike Highveld Sindikasie Aksiegroep (“HSAG”) kennisgewings is die enigste amptelike inligtingsbronne waar beleggers inligting oor die HSAG kan bekom. Besoek ons webblad by www.hsaction.co.za vir enige verdere inligting. Gewone e-posse word ook van tyd tot tyd uitgestuur. Beleggers moet altyd seker maak dat hul HSAG aansoekvorms korrek voltooi is en ons op hoogte te hou van enige veranderinge van hul kontakbesonderhede en e-pos adresse.

Die nuusbrief is op versoek van sommige HSAG lede verkort en mag daar mettertyd ’n meer volledige weergawe op die webtuiste wees vir besigtiging.

1. ADMINISTRATIEWE AFSNYDATUM VIR REGISTRASIE BY DIE HSAG

Weens ’n aantal versoeke is die afsnydatum vir laat-registrasies vir aansluiting by die HSAG verleng tot 31 Augustus 2017 om 24:00. Registrasievorms is beskikbaar op die webtuiste by www.hsaction.co.za of kan van ons versoek word by hsagregister@gmail.com. Alle versoeke en voltooide registrasievorms moet aan hsagregister@gmail.com gestuur word.

2. MOTIEWE EN DOELSTELLINGS VAN HSAG

Die hoofdoelstelling van die HSAG is om die Hooggeregshof van Suid-Afrika by wyse van aansoek te nader vir bevele tot verlop aan beleggers in HS15 – 22 om ’n Klas-Aksie/s teen mnr. Nic Georgiou, sy seuns, hul entiteite en ander Respondente in te stel vir die verhaling van skades en verliese wat beleggers in die mislukte Highveld Sindikasie Maatskappye 15 – 22 en verwante sake gely het.

Die twee onmiddellike sake waarby die HSAG tans betrokke is, is die sertifisering van bogenoemde Klas-Aksie/s asook die tersydestelling van ’n Reëlinskema kragtens Art 155 van die Maatskappye Wet, inter alia ingevolge waarvan mnr. Nic Georgiou, sy seuns, hul entiteite en ander Respondente algeheel kwytskeld en gevrywaar word van persoonlike aanspreeklikheid.

Die Art155-Reëlinskema beperk in wese tans die verhaling van eise deur beleggers teenoor Orthotouch, ’n eiendomsmaatskappy wat slegs oor twee aanliggende eiendomme beskik, en waarvan die Georgiou-sakeryk uitgesluit is. Die koopprys van

die twee Orthotouch-eiendomme was R 143 341 466.00 waarteen 'n verband van R 72 miljoen ten gunste van Accelerate Security S P V (Edms) Bpk geregistreer is, gevolglik met 'n oorblywende waarde van R 71 miljoen.

Indien die Art155 Reëlinskema tersyde gestel word, val die Highveld Sindikasie 15 – 22 Maatskappye terug in besigheidsredding; sal mnr. Hans Klopper versoek word om as besigheidsreddingspraktisyn te bedank, in die alternatief sal 'n aansoek vir sy verwydering as besigheidspraktisyn ingedien word aangesien HSAG-lede voel dat hy nie in hul beste belange onder besigheidsredding opgetree het nie. Indien 'n nuwe besigheidspraktisyn aangestel word sal hy versoek word om die nodige stappe te neem ten einde die maatskappy se belange te dien en sal die HSAG kan voortgaan met die sertifikasie-aansoeke van die Klas-Aksie.

Die HSAG is geensins gekant teen 'n aanvaarbare en werkbare skikking met mnr. Nic Georgiou en ander nie, maar het die bestuur skikkingsonderhandelinge gedurende Mei 2017 opgeskort, in afwagting van 'n verbeterde skikkingsaanbod deur mnr. Nic Georgiou. By enige skikking sal die regte van HSAG-lede beskerm word sodat, indien mnr. Nic Georgiou/Orthotouch nie die ooreenkoms honoreer en betaal nie, die lede terugval in die HSAG en kan voortgaan met die Klas-Aksie.

Tot tyd en wyl die Art155-Reëlinskema tersyde gestel is, is mnr. Nic Georgiou/Orthotouch in terme van 'n hofbevel verplig om maandelikse rente te betaal en kan hulle gevolglik nie summier ophou daarmee nie.

3. LEDE BYDRAES EN REGISTRASIEKOSTE (EKONOMIE VAN SKALE)

Tot en met Mei 2017 was HSAG-lede se bydraes tot regskoste minimaal en minder as 'n R1 per sindikasie per dag. Daar was onlangs valse beweringe versprei deur mnr. Helgard Hancke dat die prokureurs van die HSAG straks R28 miljoen sou ontvang het oor die afgelope drie jaar. Hierdie beweringe is loutere onsin en is die prokureurs se regskoste op datum hiervan slegs ten volle betaal tot einde Desember 2014 en gedeeltelik vir 2015, 2016 en 2017. Daarby word alle gelde deur 'n onafhanklike boekhouer, ouditeure en kostekonsultante geverifieer.

Mnr. Helgard Hancke, eertydse vertroueling en vertroude HSAG-bestuurslid wat intussen oorgestap het na die Georgiou/Orthotouch kamp, het op 'n geheime wyse 'n teenvoeter vir die HSAG onder die vaandel van "HSBF" van stapel probeer stuur, waarop hy lasterlike en kwelsugtige aantygings teenoor die HSAG-bestuur en prokureurs gemaak het, welke nuusbrief, soos verwag, op Orthotouch (mnr. Nic Georgiou se maatskappy) se webtuiste verskyn het.

Die ledetal van die HSAG beloop bykans 7000 lede, maar is die finansiële steun ongelukkig nie dieselfde nie. Op hierdie stadium is daar ongelukkig slegs etlike honderde (en nie etlike duisende nie) HSAG-lede wie se gelde opbetaald is, weens 'n verskeidenheid van redes (wat blote onvermoë, waarvoor ons begrip het, insluit) maar word lede ernstig versoek om hul lojaliteit teenoor die HSAG en die proses om verliese te verhaal, te betoon deur bydraes te maak, al is dit ook op 'n afbetaalbasis. Op versoek van verskeie lede is ons tans besig om die moontlikheid van die implementering van 'n debietorder-stelsel te ondersoek.

4. VERDAGMAKERY VAN HSAG BESTUUR EN PROKUREURS

Voormalige bestuurslid van die HSAG, mnr Helgard Hancke, was onlangs uitgevang, slegs 'n dag nadat hy 'n afbrekende webwerf met vals en bedrieglike inligting oor die HSAG gepubliseer en soortgelyke naamlose briewe aan HSAG-lede gestuur het, dat hy die eienaar van die HSBF se webtuiste is. Oplaas het dit weer ten doel gehad om goedgelowige HSAG-lede te lok om met mnr. Nic Georgiou/Orthotouch (deur middel van Hancke, waarskynlik weens finansiële redes), buite die HSAG en tot die nadeel van die HSAG-lede, te skik.

Voorheen het HSAG-lede positief gereageer toe hulle tot die besef gekom het dat Hancke nie in hul beste belang opgetree het nie, en die risiko's aan hulle uitgewys was om met Orthotouch besigheid te doen.

Sedert Mnr. Hancke oorgestap het na mnr. Nic Georgiou/Orthotouch, voer hy 'n desperate smeerveldtog teen die HSAG en sy regspan, ten einde die belange van mnr. Nic Georgiou/Orthotouch te dien. Hy gebruik verdermeer onwettig die HSAG se vertroulike lede-databasis (wat aan hom toevertrou was binne sy portefeulje as HSAG-komiteelid) en selfs inligting verkry vanaf die databasis van mnre. Hans Klopper en Derek Cohen, (welke persone weier om in terme van 'n hofbevel die lys aan die HSAG te lewer) om sy veldtog te versterk. Persone wat nie lede is van die HSAG nie, het ons gekontak oor die lasterlike beweringe wat gemaak word en word die regte van die HSAG en die prokureurs streng voorbehou.

5. HOFSAKE EN TYDSDUUR DAARVAN

Normaalweg kan 'n Hooggeregshofszaak (met 'n waarde van R400 000 of meer) waar twee partye teen mekaar litigeer, maklik drie tot vyf jaar duur. Die HSAG sake se beskermbare belang beloop 18 300 potensieële Eisers met 'n beraamde eiswaarde van tot R 4 800 000 000.

Tans word die hofsake van die HSAG grotendeels vertraag deur mnr. Nic Georgiou, sy agente (Elna Visagie, Herman Lombaard, Helgard Hancke ens.), en mnre. Hans Klopper, Derek Cohen en Orthotouch, wie ook verwarring onder beleggers probeer saai.

Tydens 'n hofverskyning op 7 Junie 2017 in die Pretoria Hooggeregshof, moes die saak uitgestel word na 2 Augustus 2017 omdat mnr. Nic Georgiou se hofstukke nie voor die hof was nie en mnr. Helgard Hancke, (wie reeds 'n geheime ooreenkoms met mnr. Nic Georgiou bereik het, maar self nie 'n belegger in die HS maatskappye is nie), aangedui het dat hy ook tot die verrigtinge wil toetree en was uitstel toegestaan. Geen stukke was tot dusver deur mnr. Helgard Hancke gelewer nie en is dit duidelik, indien hy enigsins gaan toetree, dat hy dit op die laaste minuut sal probeer doen. Hy het reeds bykans twee maande gehad om toe te tree, maar dit nie gedoen nie.

'n Dergelike datum was aangevra vir Johannesburg op 3 Augustus 2017 maar het mnr. Nic Georgiou se regsplan aangedui dat hulle nie op daardie datum gereed is nie en eerder in September 2017 wil voortgaan. Die HSAG sal steeds ywer dat die Johannesburg saak op 3 Augustus voortgaan.

Beide die Johannesburg en Pretoria se Hooggeregshowe het in die guns van die HSAG beslis, maar poog die teenkant om daarteen te appelleer al het die Appèlhof voorheen beslis dat hulle nie teen 'n tussentydse bevel kan appelleer nie.

Die HSAG sal egter nie van stryk gebring word nie, en sal die sake gedryf word totdat dit aangehoor word. Die regsplan is positief oor gunstige uitsprake in alle howe sover, en word dit ernstig oorweeg om bestrawwende kostebevele teen mnr. Nic Georgiou, Helgard Hancke en enige ander party wat die saak onnodig probeer frustreer en uitrek, aan te vra.

6. SKIKKING

Die HSAG is nie gekant teen skikkings met mnr. Nic Georgiou/Orthotouch nie, maar sal dit slegs doen indien die regte van HSAG-lede beskerm word sodat, indien mnr. Georgiou/Orthotouch nie getrou betaal nie, daar voortgegaan kan word met die Klas-Aksie.

Tans is dit nie die geval met mnr. Helgard Hancke se skikking namens mnr. Nic Georgiou/Orthotouch nie, aangesien alle beleggers hul regte daarvoor verbeur. HSAG-lede word weereens gewaarsku om uiters versigtig te wees (en selfs regsadvies van hul eie prokureurs in te win) om met Orthotouch besigheid te doen of te skik, aangesien dit hul regte ernstig kan benadeel en baie riskant kan wees.

Die HSAG prokureurs het op 24 Julie 2017 'n eiendomsnasoek op Orthotouch se eiendomme gedoen en word dit bevestig dat Orthotouch tans slegs een winkelsentrum op twee aanliggende eiendomme besit en dat hul reeds 48 van hul eiendomme verkoop het.

Dit is dus duidelik dat Orthotouch nie in 'n posisie is (en nie uit eie beweging en inkomste) 18 300 beleggers se rente kan betaal nie, en word die betalings in alle waarskynlikheid deur 'n derde party befonds.

Die direkteure van Orthotouch is onder wetlike voorskrifte en streng verpligtinge om die maatskappy kragtens die bepalings van die Maatskappyewet te bestuur en kan hulle persoonlike aanspreeklikheid opdoen indien hulle onder insolvente omstandighede besigheid dryf.

Beleggers word gemaan om, voordat hulle enigsins met Orthotouch of sy agente besigheid doen, aan te dring op die finansiële state van Orthotouch.

Indien enigiemand (insluitende mnr. Nic Georgiou of sy seuns) vir Orthotouch geld sou voorskiet om maandelikse rente te betaal, doen hulle dit op eie risiko.

Op sosiale media is mev. Elna Visagie en mnr. Helgard Hancke druk besig om verwarring onder die beleggers te saai dat hulle hul gelde, soos van Orthotouch ontvang, moet terugbetaal, sou Orthotouch gelikwideer word.

Indien Orthotouch gelikwideer sou word, sal die HSAG verdermeer onverpoosd voortgaan om sy lede se gelde, soos verloor in die mislukte HS Maatskappye insluitend skades gely, direk van mnr. Nic Georgiou, sy seuns en ander Respondente te eis.

7. HSBF

Gedurende Julie 2017 het HSAG-lede en vermoedelik ook alle ander persone op die databasis van mnre. Hans Klopper en Derek Cohen 'n naamlose e-pos en nuusbrief ontvang van 'n geheime groep, die HSBF, wat kwansuis deur sogenaamde ontevrede HSAG-lede op die been gebring was. Die voormalige bestuurslid van die HSAG, mnr. Helgard Hancke, was egter uitgevang, slegs 'n dag nadat hy 'n afbrekende webwerf met vals en bedrieglike inligting oor die HSAG gepubliseer en soortgelyke naamlose briewe aan HSAG-lede gestuur het is vasgestel dat hy inderdaad die eienaar van die webtuiste is. Voorts is die nuusbrief, soos op die webwerf van Orthotouch gepubliseer, waarskynlik op versoek van 'n werknemer van mnr Nic Georgiou en/of Orthotouch geskryf.

Oplaas het dit weer ten doel gehad om goedgeelowige HSAG-lede te lok om met mnr. Nic Georgiou/Orthotouch deur middel van Mnr. Hancke (sekerlik vir finansiële redes), buite die HSAG en tot die nadeel van die HSAG-lede, te skik.

HSAG-lede het onmiddellik lout geruik toe hulle die lasterlike naamlose skrywes ten aansien van die HSAG, die regsverteenvoordigers en komitee-lede, ontvang het, en wat hul begelei het na 'n webwerf genaamd HSBF.

Hierdie is 'n webwerf wat opgestel en anoniem deur mnr. Helgard Hancke bestuur is, totdat hy op 18 Julie 2017 ontbloom is.

Voorheen, gedurende 2016, was Mnr Hancke 'n vertroueling binne die HSAG Bestuurskomitee, maar is daar vasgestel dat hy vertroulike inligting uitgelek het en dat hy in sy eie belang, en in stryd met die doelwitte van die HSAG, 'n geheime ooreenkoms met mnr. Nic Georgiou onderhandel het.

Nadat hy ontbloom is en versoek was om uit die HSAG Bestuurskomitee te bedank, het hy homself openlik by mnr. Nic Georgiou geskaar. Dit was bekend aan die HSAG dat, in die tyd toe mnr. Helgard Hancke deur mnr. Nic Georgiou genader is, hy deur finansiële en persoonlike uitdagings in die gesig gestaar was.

8. STAAT VIR DEELNAME AAN DIE HSAG

Vind asseblief hiertoe aangeheg u bydraestaat vir u deelname aan die HSAG.

Let asseblief op die volgende:

- i. Sedert begin Januarie 2016 het die HSAG se regsfirmas begin om trustopdragings te doen vir 'n bydrae tot regskoste vir die HSAG, Hooggeregshofsake en aanverwante aangeleenthede wat deur die HSAG gedryf word. Sodoende word die HSAG-lede se individuele regte en belange asook die HSAG-groepsregte en belange beskerm. Hierdie bedrag behoort op u staat wat van tyd tot tyd uitgestuur word, te reflekteer.
- ii. Indien geen opdraging ten aansien van registrasie-, regs- of administrasiekoste of 'n krediet op u staat verskyn nie, beteken dit dat u waarskynlik in 'n groep val wat nie geprosesseer en/of geallokeer is nie, en sal dit, indien dit onder ons aandag kom of gebring word, op 'n latere staat verskyn:
 - a. Die aangevraagde opdraging vir 2016-regskoste was R1 000 per sindikasie.
 - b. In Mei 2017 was 'n verdere opdraging vir bydrae tot regs- en administrasiekoste van R2 000 per persoon gemaak.
 - c. 'n Eenmalige registrasiekoste per sindikasie was ook gehef en sal ook op u staat verskyn.
 - d. Indien 'n balansstaat 'n kredietbedrag toon, is u 'n geregistreerde lid van die HSAG, maar het ons nog nie u voltooië aansoekvorm ontvang nie. Geliewe die aansoekvorm af te laai vanaf ons webwerf of rig 'n versoek aan ons daarvoor op hsagregister@gmail.com.

- iii. Let asseblief daarop dat die inligting op ons rekords aanvanklik verkry is vanaf aansoekvorms:
 - a. Indien u aansoekvorm gevolglik foutief, onduidelik of onvolledig is, sal u moontlik geen state of e-posse ontvang nie.
 - b. Voltooi asseblief die HSAG-vraelys op “Monkey Survey” wat van tyd tot tyd op ons webtuiste geplaas word ten einde u inligting op datum te bring of stuur vir ons ’n e-pos na hsagregister@gmail.com.
- iv. Kliek asseblief op die e-pos skakel aan die einde van hierdie nuusbrieff om na die “Customer Zone” te gaan waar u die opvragings vir registrasie-, regskostes en u betalings kan sien.
- v. Weens aaneenlopende groot hoeveelheid navrae, registrasies, wysigings van persoonlike besonderhede en allokasies, is dit moontlik dat sommige betalings en/of registrasies nie op die aangehegte Staat sal verskyn nie, maar eers op ’n latere Staat. Maak asseblief seker dat u inligting korrek is.
- vi. Geoutomatiseerde state sal van tyd tot tyd (gewoonlik maandeliks) uitgestuur word, maar u skakel na die “Customer Zone” sal deurentyd aktief bly en u kan ter enige tyd u betalings en transaksies daarop sien, soos wat dit geallokeer word.
- vii. Indien daar enige uitstaande bedrae is word u vriendelik versoek om dit so spoedig moontlik te betaal ten einde onnodige administrasie en/of verdere kostes te verhoed. Sodanige lede loop die gevaar dat hul lidmaatskap by die HSAG opgeskort word.
- viii. Registrasieheffings is betaalbaar op alle nuwe en agterstallige (90 dae en ouer) registrasies. Registrasiekoste beloop tans R1 500,00 per sindikasie en, indien latere registrasies toegelaat word, sal daar waarskynlik ’n verdere heffing vir registrasiekoste per sindikasie vir alle nuwe registrasies gehef word ten einde finansiële bydraes deur huidige HSAG-lede te verlig.
- ix. Deelname aan die HSAG is algeheel vrywillig, maar sal persone wat nie aan die HSAG behoort of hul versoekte bydrae op datum hou nie, nie aanspraak kan maak op enige regte of voorregte wat getroue lede van die HSAG geniet nie. Persone wat hardvochtig weier of versuim om ledebydraes te maak se lidmaatskap sal beëindig word.
- x. Ons bedank u vir u lojale ondersteuning waarsonder die HSAG klas-aksie nie moontlik sou wees nie.
- xi. U kan verseker staatmaak op ons onverdeelde lojale ondersteuning van die HSAG-lede en geassosieerdes.
- xii. Enige spesifieke navrae kan aan hsagenquiries@gmail.com gerig word.

Vriendelike groete

HSAG Bestuurskomitee

Kontak die HSAG en prokureurs by:

Tel: (021) 887 7877

hsactiongroup@gmail.com